

**Dramateorie vandag: die bydrae van die drama- en teatersemiotiek. Mouton, Marisa (1989). Dept. Sentrale Publikasies, PU vir CHO, Potchefstroom.**

Dr. Mouton se proefskrif in die literatuurwetenskaplike vakgebied (wat sy in 1988 onder promotorskap van prof. TT Cloete voltooi het) is 'n tydige boek-publikasie in die PU vir CHO se reeks oor die geesteswetenskappe (nr. 68). Dit kan "tydig" genoem word omdat Mouton se algemene benadering weer demonestreer dat die geesteswetenskappe toenemend interdisiplinêre aanknopings soek; dat daar veel ter sake navorsing by die "bure" plaasvind. En die gevolgtrekkings en konstaterings kan, onder meer, akademiese diskoers aan die gang kry.

Mouton spits toe op die opvoeringsgerigtheid van die dramateks, en daarmee saam die rol van die implisiete toeskouer en die implikasies van die didaskalia in die teks. Haar teoretiese raamwerk is die semiotiek. 'n Beduidende afdeling word gewy aan studies oor die *teken* en die opvoering as 'n voorgespeelde kommunikasieproses.

In Afdeling I word die verband tussen die dramateks en die opvoering bespreek. Die beskouings van die "tradisionele" teoretici (Bentley, Nicoll, Styant en andere) word gestel naas dié van die semiotici wat sedert die sestigerjare gepubliseer het — o.m. Elam, Pavis en Hess-Lüttich. Mouton dui aan dat die semiotici telkens die kwessie van ostenisie beklemtoon. Haar hoofstuk oor die Praagse Strukturaliste lei tot 'n bespreking van die teken: ikoniese, indeksale en simboliese tekenfunksies. Pfister se diagrammatiese voorstelling van tekenstelsels word afgebeeld, asook Eco se kommunikasiemodel ter toeligting tot die opvoering-as-'n kommunikasieproses. Veral lesenswaardig is die opmerkings oor die rol wat die toeskouer beklee as die ontvanger in 'n (teatrale) kommunikasieproses en die sosiale aspek van die opvoering soos dit beklemtoon word deur die sg. sosio-semiotici. In haar hoofstuk oor fiksjonaliteit en die dramawêreld is dit veral die opmerkings oor die kwessie van "gehoordeelname" wat prikkelend is.

'n Bespreking van die *dramatis personae* (die verhouding karakter-akteur-toeskouer) en "tyd" in die dramateks en die opvoering (voorstellingstyd

en voorgestelde tyd/leestyd en fiksionele tyd) lei tot die hoogs ter sake kwessies van *ruimte* en *taaluiting*. Die referensiële, fatiese, appellatiewe, emotionele en metalinguale funksies word, o.m., onder die loep geneem. In haar hoofstuk oor dramatiese handeling en die dramastruktuur wys sy op die belangrike plek wat aan die toeskouer se reaksie en/of die leesbelevens toegeken word.

In haar opmerkenswaardige hoofstuk oor die didaskalia (newetekst, maar meer: *alles* wat nie dialoog is nie) wys die skrywer tereg daarop dat dit 'n dramateoretiese onderwerp is wat eintlik nog min aandag ontvang het. Sy bespreek, o.m., visuele inligting (die kommunikatiewe aspekte van voorkoms, gesigsuitdrukking, gebare en bewegings) en auditiewe inligting (stemtoon en paralinguistiek) in en die teks en die opvoering. Haar eerste afdeling word afgesluit met opmerkings oor die toeskouer in die opvoering en die implisiete "toeskouer" in die dramateks. Na die voorbeeld van Carlson, Elam en Pavis, spits Mouton toe op die semiotiese benaderingswyse, t.w. die toeskouer as *aeinemer* aan die teatrale kommunikasieproses. Die ander uitgangspunte wat sy aandui, is resepsie-estetiese studies wat histories van aard is, en sosiologiese studies wat die toeskouer se beleving in sosiologiese konteks plaas (p. 197).

In Deel B (pp. 217-317) voeg die skrywer daad by die woord met teksontledings van drie eietydse Afrikaanse dramas: *Poppie — die drama*, *Ek, Anna van Wyk* en *Diepe grond*. (Verteenwoordigende dramas van die teenswoordige oplewing in die Afrikaanse toneelwêreld). In die onderskeie "analises" word haar teoretiese afdeling teen die lig gehou; vorm Afdeling A die model vir haar benaderingswyse. "Dramateorie vandag" word in werking gestel op 'n wyse wat voortaan sekerlik nie meer deur dramakundiges geïgnoreer sal kan word nie.

Soos die titel van die boek al aandui, was Marisa Mouton se studiegebied ontsagwekkend. Dit was nie net 'n naasmekaarstelling van tradisionele en "nuwe" teorieë nie, maar 'n hele verkenning van teks/opvoering en die daaruitvloeiende kommunikasie-transaksie. Die "gevaar" verbonde aan so 'n wydlopende studieveld is dat daar gewoon *te veel* waarnemings en insigte is vir 'n finale, sin-

volle konklusie; vir 'n ware kulminasie. Die besware mag dalk ook opklink dat Mouton plek-plek darem baie kursories te werk gaan ('n bietjie proksemika hier en 'n bietjie kinesika daar); dat daar te veel kompilasie is en dat sy te dikwels saam met die formidabele Keir Elam (*The semiotics of theatre and drama*) praat. Dié besware vervaag egter naas die multi-dissiplinêre *bruikbaarheid* van die boek. Die Afrikaans is keurig; die skryftrant heerlik toeganklik. Die kommunikasie-dosent (en -student) sal met blydskap stimulerende raakpunte herken.

**Stephan Bouwer**

**Human Communication: The basic course. Joseph A. de Vito. 1988. (Fourth edition) Harper and Row, New York.**

The title of this book clearly states the aims of the author with this fourth, revised edition of this introductory handbook to communication in which the entire field of communication is surveyed. Aimed at students with little or no prior background in communication, this fourth edition of *Human Communication: The basic course*, remains in the tradition of its earlier editions, while incorporating significant improvements. Amongst the more important improvements is the addition of the two new units of intercultural communication in which the nature of intercultural communication, common barriers to intercultural communication, and principles for increasing intercultural communication effectiveness are discussed. Coverage of non-verbal communication has also been greatly revised and enlarged to reflect more accurately the expanding research literature and its general importance in the field of human communication. The section on interpersonal effectiveness has been greatly expanded to include principles derived from a pragmatic model and from a social exchange and equity model as well as from the humanistic model used in the previous editions. Some additional topics have been introduced throughout the text amongst which some of the more important are types of noise, growing in self-awareness, guidelines to self-disclosure, bypassing pragmatic implication, disconfirmation and small group formats. Group membership and leadership evaluation forms have also been included. In addition, the glossary has been updated,

new and helpful headings have been added and the style has been improved to achieve greater clarity and economy.

*Human Communication: The basic course*, is divided into eight parts. The first three parts cover the fundamental concepts and principles applicable to all forms and contexts of communication while the remaining five parts focus on the major contexts or forms of human communication. A system of 30 relatively brief units makes the text easier to read and at the same time makes for more effective learning. A distinct advantage of this system of short units, rather than traditional longer chapters characteristic of most texts, is that it enables the units to be read at almost any stage. Each unit also begins with a set of learning goals that helps focus attention on the major concepts contained in the unit.

What really sets this text apart from other introductory texts is the *Handbook of Experiential Vehicles in Human Communication* which contains 25 exercises designed to enable the student to internalise the concepts and principles contained in the text. This should prove very useful to instructors for practical work and will help meet the need for practical skills exercises. An additional positive feature is the *Instructors Manual* for use in connection with this text which contain suggested syllabii, guidelines for using the experiential vehicles contained in the text, additional experiential vehicles, and a bibliography of useful instructors resources. A test bank of short-answer questions is also available in hard copy and on disk.

On the whole this book compares very favourably with similar introductory texts. Though the author had the difficult task of covering the entire field of communication, coverage of these topics never becomes superficial as seems to be the case in many introductory texts. This handbook is very user-friendly for both the student and instructor. De Vito has used his teaching experience of over twenty years in a variety of communication courses to compile a text that should give the student a firm grasp of the theoretical and research foundations of communication while at the same time developing significant new skills and improving old ones. It also makes the instructors' work a whole lot easier. This book is highly recommended as a prescribed text at junior graduate level.

**Sonja Verwey**

**Effective Managerial Communication.**  
**Raspberry, R.W. en Lemoine, L.F. (1986) New**  
**York: Kent Publishing.**

Hierdie boek verskyn in 'n tyd van groeiende belangstelling in bestuurskommunikasie. Verskeie boeke oor dié onderwerp het dan ook die afgelope tyd verskyn. In die meeste van hierdie werke word op die bestuursaspekte gefokus en word kommunikasie bloot as 'n veranderlike, wat 'n invloed op bestuurseffektiwiteit kan hê, behandel. Die gevolg is dat die kommunikasie-aspekte dikwels net oorsigtelik aangeraak word. In *Effective Managerial Communication* geld die teendeel egter. Van meet af is dit duidelik dat die skrywers die klem op kommunikasie laat val en dié benadering word dwarsdeur die boek gehandhaaf. Tog word die bestuursimplikasies deurgaans ook uitgewys.

In die voorwoord merk die skrywers tereg op dat nie net bestuurders nie, maar ook die ondergeskiktes, deeglik bewus gemaak behoort te word van die rol van kommunikasie in 'n organisasie. Op p. viii word gemeld dat ". . . managers agree that their job is made easier when those they supervise understand the role managers must occupy. A basic understanding of the principles and techniques of good communication will improve the process among all participants."

Die boek is in vyf dele verdeel. In deel een, wat uit hoofstuk een en twee bestaan, word die leser vertrouwd gemaak met die kernbeginsels van kommunikasie en bestuur. In figuur 2.2 op p.22 word 'n model vir effektiewe bestuurskommunikasie as vertrekpunt vir die inhoud van die boek voorgelê. Dié model is een van die min negatiewe punte in die boek. Dit kom onsamehangend voor en mag die redelike leser ontsenu. Dit is egter 'n vals alarm, want die res van die stof word sinvol en in 'n goed-georganiseerde formaat aangebied.

Deel twee (hoofstukke drie tot vyf) word gewy aan die kommunikasiestruikelblokke waarmee tydens kommunikasie rekening gehou moet word. Hoofstuk drie bied 'n interessante hantering van persepsie as onderwerp. In Tabel 3.1 (pp. 44-47) word die veranderinge in houdings en waardes in die Amerikaanse samelewing vanaf die twintiger- tot die tagtigerjare aangebied. Dit bied prikkelende leesstof.

In hoofstuk 4 kom die taal as struikelblok aan die beurt, terwyl hoofstuk vyf aan kommunikasieprobleme in die organisasie gewy word. In laas-

genoemde hoofstuk word belangrike onderwerpe soos die kommunikasieklimaat in 'n organisasie, formele en informele kommunikasievloei en kommunikasiepatrone, breedvoerig verduidelik. Dit is jammer dat die skrywers net drie bladsye (pp.109 - 111) aan kommunikasie-ouditte kon afstaan. Ten spyte van hierdie teleurstelling, bied die res van die hoofstuk 'n uitstekende uiteensetting van hierdie belangrike leerstof.

Deel drie bestaan uit hoofstukke ses tot tien. Hierdie hoofstukke word gewy aan kommunikasievaardighede waarvoor bestuurders moet beskik. Hoofstuk ses, wat oor nie-verbale kommunikasie handel, bied 'n insiggewende kykie in omgewingskommunikasie, sosiale kommunikasie en fisieke kommunikasie. 'n Wye verskeidenheid onderwerpe, wat wissel van kantooruitleg tot oogbeweging; word behandel. Hoofstuk sewe word aan 'n omvattende beskrywing van luistergedrag gewy terwyl redevoering en skryfwerk in die volgende twee hoofstukke aan die beurt kom.

Die belangrikste deel van die boek is deel vier waarin die funksies van die kommunikasiebestuurder in hoofstukke elf tot vyftien breedvoerig behandel word.

In hoofstuk elf, waar die rol van die kommunikasiebestuurder as onderhoudvoerder bespreek word, val die klem op vraagtegnieke en die verskillende soorte onderhoude. Die kommunikasiebestuurder se rol as leier en motiveerder kom in hoofstuk twaalf aan die beurt. Leierskapstyl en -benadering geniet spesiale aandag.

In hoofstukke dertien en veertien word die kommunikasiebestuurder se rol as probleemoplosser en konflikbestuurder toegelig. Hoewel die fokus in hierdie hoofstukke meer op bestuur val, word die kommunikasietake van die bestuurder deurentyd verduidelik.

Hoofstuk 15, die laaste hoofstuk van hierdie gedeelte, word aan die kommunikasiebestuurder se rol in die bestuur van verandering gewy. In die inleiding tot hierdie belangrike hoofstuk merk die skrywers op p.395 op: "Organizations, like individuals, are constantly changing — through employee turnover, new leadership, economic disaster, regional growth and development, and environmental restrictions . . . To change, an organization must have effective communication internally among its members as well as externally with its clients. . . . Change involves communication on all organizational levels and in all forms: group discussi-

on, one-on-one, formal briefings, written proposals, and memoranda.”

Uit hierdie saamgestelde aanhaling is dit duidelik dat die skrywers hierdie funksie van die kommunikasiebestuurder as sy moeilikste bestempel. Hulle stel dit duidelik dat die kommunikasiebestuurder al die vaardighede, wat in die vorige hoofstukke bespreek is, gaan nodig hê om die boodskap van volgehoue verandering toepaslik oor te dra. In daardie opsig is hierdie hoofstuk 'n treffende klimaks tot 'n puik teks.

In deel vyf, wat slegs uit hoofstuk sestien bestaan, word 'n bondige opsomming van die leerstof gegee.

Die vernaamste leernte in die boek is die afwesigheid van riglyne oor hoe 'n bestuurder 'n kommunikasieplan moet opstel. In die voorwoord, p. (viii), word dit duidelik gestel dat: “With both a well-designed communication plan and effective communication skills, a manager can be highly suc-

cessful”. Hoe so 'n kommunikasieplan daar moet uitsien, word egter nooit verduidelik nie. Hierdie leernte word egter verdwerg deur die boek se goeie eienskappe.

As 'n teksboek vir voorgraadse studente slaag hierdie boek in alle opsigte. Die leerstof word verteerbaar aangebied sonder om aan oorvereenvoudiging toe te gee. Interessante voorbeelde, grafiese voorstellings, tabelle en selfs spotprente wat dwarsdeur die teks voorkom, help om die aandag van die leser vas te vang. Aan die einde van elke hoofstuk word 'n opsomming, sleutelwoorde, vrae vir bespreking, oefeninge en 'n lys van bronzinsigings verskaf. Dit verhoog die akademiese waarde van die werk.

Om op te som: 'n werk van hoogstaande gehalte wat ten sterkste aanbeveel kan word vir gebruik deur voorgraadse studente.

**Braam van der Vyver**